

## BELANGRIK: DRA 'N GEPASTE GESIGMASKER, HOU 1.5 M SOSIALE AFSTAND

### Protokol vir die Aanmeld van 'n Covid-positiewe Geval, Stappe om te Doen, Isolasië, Kwarantyn

Hierdie protokol *geld vir*:

- *alle studente wat leergeleenthede op kampus in persoon bywoon;*
  - *alle dosente wat op kampus in persoon met studente in interaksie tree, een-tot-een-vergaderings ingesluit; en*
  - *alle ander personeel, waaronder studenteassistenten wat op kampus in persoon met studente in interaksie tree.*
1. Doen altyd 'n gesondheidstoets ('health check') voordat u u woning verlaat om kampus toe te gaan: [www.healthcheck.higherhealth.ac.za](http://www.healthcheck.higherhealth.ac.za). Kom slegs kampus toe as u 'n groen klaring ontvang.
  2. As 'n student of personeel Covid-tipe simptome ervaar, of kennis ontvang dat hy/sy in nabye kontak was met iemand wat as Covid-19-positief getoets is, of vermoed dat hy/sy Covid-19 het (persoon word ondersoek) (sien onderstaande beskrywings), moet hy/sy onmiddellik in sy/haar woning isoleer. 'n Student in een van die Universiteit se koshuise moet dadelik die koshuishoof in kennis stel.
  3. Die student of personeel moet dadelik die geval by Kampus Gesondheidsdiens aanmeld (Telefoonnommer tydens kantoorure 08:00 – 17:00: 0218083494/3494 of ná ure: 076431 0305) vir 'n telefoonkonsultasie om vas te stel of hy/sy vir 'n Covid-19-toets by 'n goedgekeurde toetsfasiliteit moet gaan.
  4. Terwyl daar vir die uitslag van die toets gewag word, moet hy/sy ***selfisoleer***.
  5. ***As die uitslag positief is, moet die student of personeel dadelik:***
    - a. Kampus Gesondheidsdiens in kennis stel; ***EN***
    - b. In die geval van 'n personeel, die betrokke lynbestuurder in kennis stel.
    - c. Alle studente moet die hoof van die akademiese departement wat verantwoordelik is vir die akademiese program waarvoor hulle ingeskryf is, in kennis stel.
    - d. Alle studente in 'n Universiteitskoshuis moet ook die koshuishoof in kennis stel.
  6. ***Kampus Gesondheidsdiens sal 'n kontakopsporing begin doen***
  7. Studente en personeel wat geïdentifiseer word omdat hulle in ***nabye kontak*** was, moet ***selfisoleer en KGD kontak vir raad en verdere bestuur (toetse en klasse)***.
  8. Studente en personeel wat op uitslag wag, mag slegs uit isolasië kom as die toetsuitslag negatief en hulle asimptomaties is (geen simptome).

#### Beskrywings

<b>Isolasië</b>	'n Tydperk waartydens iemand <b>wat vermoedelik of beslis</b> Covid-19 het, weggehou word van mense wat gesond is. Die tydperk kom tot 'n einde wanneer hulle negatief toets, of, indien hulle positief toets, bly hulle in isolasië totdat hulle gesond is. Die isolasiëtydperk is gewoonlik 10 dae, vanaf die eerste dag van simptome. In die geval van iemand wat asimptomaties is, begin hierdie tydperk op die dag waarop die Covid-19-toets gedoen is. Jy mag slegs uit isolasië kom as jy klinies gesond is. Die staat kan verpligte isolasië vereis.
-----------------	--

<b>Kwarantyn (selfisolasie)</b>	'n Tydperk waartydens iemand <b>wat blootgestel was aan iemand wat Covid-19 het</b> ( <i>of waarskynlik het</i> ), weggehou word van gesonde mense en waargeneem word vir die ontwikkeling van simptome van Covid-19. Dit is gewoonlik vir 'n tydperk van 10 dae in die geval van Covid-19, en die staat kan verpligte isolasie vereis.
<b>Persoon wat ondersoek word</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Gehospitaliseerde pasiënt met erge akute respiratoriese siekte (koors, en minstens EEN simptome van respiratoriese siekte)</li> <li>• 'n Persoon met akute respiratoriese siekte en die skielike aanvang van minstens EEN van die volgende simptome: hoes, seer keel, kortasemrigheid, koors</li> </ul>
<b>Nabye kontak</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• In persoon en binne 1 meter</li> <li>• In 'n ingeslote ruimte vir langer as 15 minute met iemand wat Covid-19 het</li> <li>• Direkte versorging van iemand met Covid-19 in 'n gesondheidsorgkonteks, sonder om die nodige persoonlike beskermende toerusting te gebruik</li> <li>• Binne twee sitplekke (1 meter) in enige rigting van iemand met Covid-19 in enige soort voertuig, waaronder busse, minibustaxi's en vliegtuie</li> </ul>